

Matteus 7:1-6

- 1 Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.
- 2 Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.
- 3 En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?
- 4 Of hoe sal jy vir jou broeder sê: Laat my toe om die splinter uit jou oog uit te haal, en kyk, in jou eie oog is die balk!
- 5 Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal.
- 6 Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie.

Vers 1 en 2

Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.

Mense is geneig om mekaar te oordeel. Hulle beoordeel iemand anders se woorde, optrede en houding en maak dan 'n uitspraak daaroor. Die maatstaf wat hulle aanwend om hierdie beoordeling te doen, is gewoonlik hulleself. Jesus waarsku sy dissipels om nie te oordeel nie. Die doel van hierdie waarskuwing (*sodat*) is dat die dissipels nie deur die ander mense geoordeel word nie.

Dit gaan in hierdie eerste vers nie daaroor dat 'n mens alles maar net bloot moet aanvaar nie. Alles kan tog nie aanvaarbaar wees nie, want daar is dinge wat teen die Here se wil is wat nie aanvaar kan word nie. Later in die Bergpredikasie leer Jesus sy dissipels dat 'n mens ander mense aan hulle vrugte sal leer ken.

Die oordeel waarteen die Here ons waarsku, is om ander se motiewe en sy innerlike mens te beoordeel. Net God kan dit doen, want net God kan tot in die hart van die mens sien. Die opdrag wat die dissipels het, is om hulle naaste lief te hê. Dus moet ons die ander mens liefhê al doen hy dinge wat ons nie kan aanvaar nie. Oor sy vrugte

kan ons 'n oordeel maak, maar oor sy motiewe sal ons nooit 'n akkurate oordeel kan maak nie.

Wie egter daarin verval om ander te oordeel sal op sy beurt weer deur die ander mense geoordeel word. Dieselfde maatstaf wat waarmee 'n mens ander mense beoordeel, sal deur die ander mense aangewend word om ook vir jou te meet en te beoordeel. Hierdie maatstaf wat gewoonlik aangelê word om ander mense te beoordeel, is gewoonlik 'n mens se eie optrede, gesindheid en woorde.

Die probleem met hierdie maatstaf is dat 'n mens jou self baie liggies beoordeel terwyl jy iemand anders baie skerper en fyner bekyk. Daar is dus 'n ongelykheid in die beoordeling wat onregverdig is. Die standaard wat gebruik word om ander mense te beoordeel moet dieselfde standaard wees waarmee jy jouself beoordeel.

Dit is gewoonlik in die beoordeling van die sonde waar ons hierdie ongelykheid toepas. Ons wil graag hê dat die Here ons met genade sal beoordeel oor ons sondes, maar wanneer dit by die sondes van ander kom en veral wanneer dit kom by die verkeerde dinge wat hulle teenoor ons gedoen het, moet die Here verkieslik geen genade betoon nie.

Daarom is die veilige weg die een wat Jesus ons hier leer. Moenie iemand anders oordeel nie. Laat die oordeel van die hart van die mens en sy motiewe in die hand van die Here wat regverdig oordeel.

Vers 3 en 4

En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoe sal jy vir jou broeder sê: Laat my toe om die splinter uit jou oog uit te haal, en kyk, in jou eie oog is die balk!

Nadat Jesus die reël gegee het om nie 'n ander mens te oordeel nie, omdat jy nie sy hart en motiewe ken nie, gaan Hy vermanend verder: **En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?**

In die vraag van Jesus word dit duidelik hoe mense van nature optree. Hulle sien gewoonlik die klein foutjie (splinter) by iemand anders raak, maar die groot probleem

wat by hulleself teenwoordig is (balk), merk hulle nie eers op nie. Twee sake: jou eie probleem is so groot dat jy veronderstel is om nie eers die splinter by die ander een raak te sien nie, en aangesien jy veronderstel is om nie 'n ander mens te oordeel nie, behoort jy nie die splinter op te merk terwyl jy 'n balk het nie.

Met die volgende illustrasie in vers 4 maak Jesus duidelik hoe absurd dit is om te dink jy gaan dit regkry om 'n foutjie by iemand anders uit te wys terwyl jou eie probleem so groot is dat dit jou onbeholpe maak.

Ons eie sondes lyk in ons eie oë maar onbenullig terwyl die sondes van ander mense vir ons enorm lyk. So 'n gesindheid openbaar 'n huigelagtigheid by onself, wat onself nie opmerk nie maar ander mense sien dit duidelik raak. 'n Voorbeeld hiervan sien ons by Dawid wanneer Nathan hom gaan vermaan het (2 Sam 12:1-31).

Vers 5

Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal.

Jesus gee die korrektief wanneer hy skerp vermaan. Hy noem 'n mens wat maak soos iemand in verse 3 en 4 'n geveinsde of 'n skynheilige. Die korrekte ding is om eers jouself krities in die lig van die Woord te bekyk en dit wat verkeerd is in jou lewe reg te maak, dan sal jy iemand anders kan help met sy sonde.

Iemand wat die genade van die vergifnis vir 'n sonde beleef het, sal iemand anders beter kan help om werk te maak met sy eie sonde.

Vers 6

Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie.

Honde en varke is woorde wat in die Nuwe Testament gebruik word vir ongelowiges. In die konteks van hierdie vers verwys honde en varke na mense wat vyandig is teenoor die evangelie. Die evangelie word vergelyk met dit *heilig* is en *pêrels*.

Jesus waarsku die dissipels om nie die evangelie aan mense te bring wat vyandig

daarteenoor staan nie, want hulle gaan hulle sondes wat reeds erg is net nog vererger. Hier word 'n chiastiese struktuur gebruik: dit is die honde wat sal omdraai en die dissipel verskeur, en dit is die varke wat die pêrels met hulle pote sal vertrap.

Jesus verbied nie die verkondiging van die evangelie aan ander mense nie. Hierdie vers moet gelees word in die konteks van die vyf voorafgaande verse. In die vermaning om nie ander mense te oordeel nie, gebeur dit gewoonlik dat ons mense weer na die ander kant toe te ver gaan. Nou word daar glad nie beoordeel en onderskei nie. Jesus sê eerder dat die dissipel 'n balans moet handhaaf tussen oor krities wees en glad nie onderskei nie.

Matteus 7:7-12

7 Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.

8 Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.

9 Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee;

10 en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee?

11 As julle wat sleg is, dan weet om goeie gewes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

12 Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete.

Vers 7 en 8

Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.

Dit is die tweede maal wat Jesus in die Bergpredikasie onderrig aangaande gebed gee. Die eerste onderrig was in Matteus 6:5-15. In daardie eerste onderrig het Jesus sy dissipels gewaarsku oor die verkeerde gesindheid waarmee die geveinsdes en heidene bid. Teenoor die verkeerde gesindhede het Hy die regte gesindheid aan ons geleer en ook hoe ons hierdie gesindheid in die wyse waarop ons bid vertoon. Verder het Hy ook die Onse Vader aan sy dissipels geleer en afgesluit met die noodsaak van vergewe.

Hierdie onderrig aangaande gebed gaan oor die dringendheid en volharding van gebed asook die resultate van gebed. Die volharding en dringendheid van gebed kom na vore in die drie opdragte wat Jesus gee: bid, soek en klop. Die intensiteit is aan die toeneem van bid na soek na klop.

Dan wys Jesus ook op die resultate van gebed. Vir die wat bid, sal gegee word, die wat soek, sal vind en vir die wat klop, sal oopgemaak word. Die resultate op gebed is so seker en vas dat Jesus dit vir 'n tweede maal in vers 8 herhaal. Jesus kan hierdie

resultate op die gebed so stel, want Hy weet hoe sy Vader is teenoor hulle wat bid en soek en klop.

Vers 9 tot 11

Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

Met behulp van 'n illustrasie gaan Jesus verder in op die dringende volharding in gebed en die resultate daarvan. Hy begin by dit wat vir die dissipels algemeen bekend is. As sy seun vir sy ouers brood vra, sal hulle tog nie vir hom 'n klip gee nie – hulle sal nie iets gee wat maar net soos brood lyk nie. Hulle sal vir hom gee wat hy wil hê. Net so sal hulle ook nie vir hom 'n slang gee as hy vir hulle vis gevra het nie – hulle sal nie iets gevaarliks aan die kind gee nie.

Jesus pas dan in vers 11 hierdie illustrasie toe op ons Vader wat in die hemel is. As mense wat van nature sleg is weet om goeie dinge aan hulle kinders te gee, is daar mos nie eers 'n vergelyking te tref tussen ouers en ons hemelse Vader wat volmaak goed is nie. Hy sal by verre die beste gawes aan hulle gee wat Hom soos 'n kind aanroep en vertrou.

Die gevolgtrekking uit hierdie onderrig: Bid tot die Here sonder om te twyfel. Dit is 'n belediging van God as 'n mens twyfel of Hy regtig sal gee waarvoor 'n mens gevra het terwyl 'n mens meer vertrou het in aardse ouers wat van nature sleg is. Daar is natuurlike gebede wat die Here nie verhoor presies soos wat ons dit gevra het nie, want Hy weet immers die beste.

Vers 12

Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete.

Inhoudelik is hierdie vers nie meer deel van die onderrig oor die volharding in gebed nie. Dit gaan hier eerder oor die keuse wat jy maak – hoe gaan ek ander mense behandel. Daarom vorm hierdie vers – wat inhoud betref – eerder 'n eenheid met die res van die hoofstuk waarin Jesus sy dissipels leer om die regte keuse te maak – kies

die regte pad, let op wie is die mense wat hulleself profete noem, let op wie almal die Here se Naam op die lippe neem en dink mooi wat jy met die woorde van die Here gaan doen.

Kyk 'n mens egter na die woorde **die wet en die profete** dan herinner dit 'n mens aan die woorde in Matteus 5:17. Jesus het nie gekom om die wet en die profete ongeldig te maak nie, maar om dit te vervul. Daarop het Hy vir sy dissipels die volgende sake aangetoon – geregtigheid en die Skrif (5:17-48), geregtigheid en die Vader (6:1-18), geregtigheid en die wêreld (6:19-7:12). Hierdie vers en 5:17 vorm dus 'n omarming.

In die lig van dit kan 'n mens sê dat 7:12 'n oorgang is tussen die vorige gedeelte (5:17-7:11) en die afsluiting van die bergpredikasie (7:13-27).

Dit gaan dus aan die een kant oor die keuse wat jy maak vir jou optrede teenoor iemand anders, maar dit is ook 'n herinnering dat jy aan die wet en die profete gehoorsaam moet wees, want dit is God wat daarin met jou praat.

Ons ken hierdie woorde baie maal eerder in die negatief – moenie aan ander doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie. Jesus stel dit egter in die positief. Ons wil graag baie dinge vir onself hê – ons wil hê ander mense moet ons liefhê, ons help, goed doen aan ons, ens. Kyk maar weer na die positiewe kant van elkeen van die tweede tafel se gebooie. Jesus leer ons dat ons dit kan ontvang, wanneer ons dit vir ander mense doen. En juis deur dit te doen, is ons besig met die geregtigheid van God – ons gehoorsaam sy wet en profete.

Matteus 7:13-14

Mat 7:13 Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.

Mat 7:14 Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.

Vers 13 en 14

Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.

Hierdie is die eerste van die vier keuses waarvoor die Here sy dissipels stel. Die regte keuse loop uit op die lewe in die koninkryk van God, maar die verkeerde keuse loop telkens op die verderf uit.

By hierdie eerste keuse sê Jesus vir sy dissipels watter een van die twee hulle moet kies - **Gaan in deur die nou poort!** Daarop gee Hy 'n rede waarom die dissipels nie ander poort moet kies nie en Hy motiveer hoekom hulle sy keuse hulle keuse moet maak.

Die ander poort is inderdaad breed en pad daarheen is wyd, maar let op waarheen lei hierdie wye pad en breë poort – dit lei na die verderf. En moet jou ook nie laat vergis oor die hoeveelheid wat op hierdie wye pad is en deur hierdie breë poort gaan nie – hulle is baie.

Die Here se motiveer sy keuse vir sy dissipels deur daarop te wys dat die poort nou is en die pad daarheen is smal. En let net op waarheen lei hierdie smal pad en nou poort – dit lei na die lewe. Moet jou eweneens nie oor die aantal mense op hierdie pad laat vergis nie – dit is maar min wat hierdie pad en poort vind.

Let ook op die verskil in werkwoorde aan die einde van elkeen van hierdie motiverings. Daar is baie wat deur die breë poort ingaan, teenoor daar is min wat die nou poort vind. Dit beteken dat die smal pad wat na die nou poort lei, gesoek moet word. Die breë poort en wye pad is voor die hand liggend. Dit is die natuurlike geaardheid van

die mens sluit aan by hierdie lewenstyl. Die smal pad is 'n lewenstyl wat ingegee en aangeleer moet word.

Matteus 7:15-20

Mat 7:15 Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.

Mat 7:16 Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie!

Mat 7:17 So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.

Mat 7:18 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.

Mat 7:19 Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.

Mat 7:20 So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.

Vers 15 tot 16a

Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.

Die waarskuwing wat Jesus aan sy dissipels gee, is om versigtig te wees vir die valse profete. 'n Mens moet sensitief wees en oplettend wees wanneer dit kom by mense wat die Woord verkondig.

Jesus teken hulle karakter vir ons. Hulle is mense wat in skaapsklere kom en van binne roofsugtige wolwe is. Na die uiterlike lyk hulle aangenaam en aanvaarbaar, maar binne in hulleself dra hulle 'n gesindheid van vernielsugtigheid. Hulle bedoeling is nie om mense in die koninkryk van God op te bou nie, maar om hulle af te breek en weg te sleep van die koninkryk af.

Jesus veronderstel die vraag wat by sy dissipels opkom, wanneer Hy die volgende sê: **Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.** As die valse profete dan uiterlik so aangenaam en aanvaarbaar is en 'n mens tog nie hulle gesindheid kan raaksien nie, hoe gaan 'n mens weet dat dit 'n valse profeet is. Die antwoord op hierdie vraag: Kyk na hulle vrugte wat hulle dra. Aan hulle vrugte sal julle agterkom dat hulle valse profete is.

Wat sou hierdie vrugte wees? Die eerste vrug van 'n valse profeet is die prediking wat hy gee. 'n Tweede vrug sou wees die gevolge van sy prediking. 'n Ander vrug is ook hulle lewenstyl – vertoon hulle lewe die vrug van die Gees?

Vers 16b

‘n Mens pluk tog nie duiwe van dorings of vye van distels nie!

Vanuit die natuur wys Jesus sy dissipels daarop hoe mens die valse profete aan hulle vrugte sal uitken. 'n Mens sal tog nie duiwe van 'n doringbos kan pluk nie en ook nie vye van distels nie. Dit sal dom wees om hierdie vrugte by hierdie soort plante te gaan soek. Die twee plante gee ook nie voor om sulke vrugte te dra nie. Maar mense is bedrieglike goed. Omdat hulle met hulle natuurlike geaardheid ook werktuie van die Satan is, gee hulle voor om goed te wees terwyl hulle in werklikheid roofsugtige wolwe is.

Vers 17 tot 19

So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.

Vanuit dit wat in die natuur bekend is, trek Jesus dan die gevolgtrekking dat goeie bome goeie vrugte dra, maar slegte bome dra slegte vrugte. 'n Mens sal nie slegte vrugte aan 'n goeie boom kry nie, en jy sal ook nie goeie vrugte aan 'n slegte boom kry nie.

'n Ware profeet – iemand wat gegrondves is in die Woord van God en in 'n hegte verhouding met die Here lewe – sal goeie vrugte dra. Sy lewe sal getuig van sy oorsprong, want hy sal die vrug van die Gees in sy lewe openbaar. Sy prediking sal in ooreenstemming wees met die Woord van God. En die gevolge van sy prediking sal ook wees in ooreenstemming met die beloftes van die Here.

'n Valse profeet – iemand wat hom nie steur aan die Woord van die Here nie – sal nie goeie vrugte dra nie. Die vrug van die Gees sal nie by hom waargeneem word nie. Sy prediking sal radikaal verskil van die Woord. En die gevolge van sy prediking sal boekdele spreek van sy karakter.

'n Valse profeet mag voorgee om goeie dinge voort te bring, maar met verloop van tyd sal die waarheid tog duidelik word. En dit wat aanvanklik na goeie vrugte gelyk sal blyk om net oppervlakkig goed te wees.

Valse profete mag 'n tyd lank hulle bose werke doen, maar uiteindelik sal hulle onder die oordeel van God kom en beland waar al die werkers van onreg beland – in die poel van vuur.

Vers 20

So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.

Die woord so verwys na die onderrig wat Jesus in vers 16b tot 19 gegee het. Die woorde en werke en lewenstyl van die profeet sal uiteindelik die karakter van die profeet aanwys. Dit is gewoonlik in die lewenstyl en daede waar 'n mens eerste sal agterkom of 'n profeet waar of vals is.

Matteus 7:21-23

Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Mat 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?

Mat 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

Vers 21

Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

In aansluiting by die vorige deel waar Jesus die dissipels gewaarsku het oor die valse profete volg hierdie uitspraak en onderrig.

Die valse profete sal ook vir Jesus aanspreek as Here. Met die Naam Here wil hulle laat blyk dat hulle Jesus as eienaar van hulle lewe erken. Met die Naam wil hulle mense laat verstaan dat hulle hulleself aan Jesus se koningsheerskappy onderwerp. Maar soos Jesus nou reeds daarop gewys het, toon die valse profete se vrugte – hulle lewenstyl en hulle prediking – dat hulle Hom nie werklik as Heerser oor hulle lewe erken nie.

Die woorde **ingaan in die koninkryk van die hemele** herinner ook aan die Jesus se bevel om by die nou poort in te gaan. Die nou poort en die smal pad lei na die lewe en hierdie lewe hou verband met die koninkryk van die hemele. Dus gee Jesus hier onderliggend 'n waarskuwing waarop die dissipels van Jesus bedag moet wees. Daar sal ook mense wees wat deur die breë poort ingaan en op die wye pad wandel wat die Naam Here sal gebruik. Maar net omdat hulle die Naam Here noem, beteken nie dat hulle jou op die regte pad gaan lei nie.

As die uitroep van die Naam van die Here nie genoeg is om in die koninkryk van die hemele te kom nie, wat moet nog gedoen word? Dit is nie wat nog gedoen moet word, maar wat ook gedoen moet word. Jesus sê dit is net **hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is** wat in die koninkryk van die hemele sal ingaan. Die

opregtheid en die eerlikheid van die uitroep van die Naam van die Here word uiteindelik met 'n lewe van gehoorsaamheid en onderwerping aan die heerskappy van Jesus bevestig.

Dit bring ons terug na die vrugte waarvan Jesus gepraat wat by die valse profete ontbreek. Maar die woorde in vers 21 is ook 'n duidelike wekroep vir elkeen wat Jesus volg. Elkeen moet ondersoek instel of sy doen en late werklik korrespondeer met die belydenis wat hy uitspreek. Is die Naam Here maar net 'n manier om ander mense goed van jou te laat dink, of is die uitroep van die Naam van die Here regtig 'n onderwerping aan die gesag van Christus wat sigbaar word in die doen van die Vader se wil.

Dit is die eerste keer in Matteus dat Jesus van God praat as **my Vader wat in die hemel is**. Daarmee maak Hy sy verhouding tot God bekend – Hy is die Seun van God. En aangesien Hy Seun van God is, is Hy ook die een wat God en God se wil behoorlik aan die mense kan bekend maak. Hy is werklik Here.

Vers 22 en 23

Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?

En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

In vers 22 gebruik Jesus die woorde **in daardie dag** vir die eerste keer. Dit is die dag waarop die oordeel uitgespreek sal word oor die mense, so verstaan ons dit uit die konteks. Regdeur die Bergpredikasie het Jesus al suggesties gemaak van 'n tyd waarop daar 'n oordeel uitgespreek sal word. Hierdie is egter die eerste keer waar die dag van oordeel so prominent genoem word en dat Hy die Een is voor wie die mense verantwoording sal doen. Hy sal die Regter op daardie dag wees.

Die mense na wie Jesus verwys het in vers 21 wat sy Naam Here so vryelik gebruik, sal beweer dat hulle nie net sy Naam gebruik het nie. Hulle het ook werke gedoen wat getuig dat die Here werklik Koning is en gesag voer in die lewens van mense. Hulle het geprofeteer, duiwels uitgedryf en baie kragte gedoen in die Naam van die Here.

Jesus ontken nie dat al hierdie dinge deur hulle in sy Naam plaasgevind het nie. Uit hulle bewerings en die Here se reaksie op hulle bewerings word dit duidelik dat selfs hierdie wonderlike geestelike werk net soos die belydenis van vers 21 nie daartoe bydra dat iemand gered word of nie. Inderwaarheid word dit duidelik dat die Here enige iemand as 'n instrument kan gebruik om middellik te doen wat Hy gedoen wil hê. Hy is immers die Here.

Die ongeluk in die geval van hierdie mense is dat hulle nie 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus het nie. Op die laaste dag is dit nie wat jy bely het en wat jy gedoen wat eerste tel nie. Dit gaan in die eerste plek daarvoor of jy die Here Jesus as jou persoonlike Verlosser ken het en Hy jou ken. En vanuit hierdie kennis volg dan die belydenis en werke. Eers as die belydenis en werke ondersteun word deur hierdie intieme kennis van die Verlosser en sy kennis van jou het die belydenis en werke werklik waarde.

Met hierdie onderrig maak Jesus dit duidelik dat 'n mens ook nie sommer net op grond van werke (vrugte) 'n waarde oordeel oor iemand sal kan maak nie. Daardie waarde oordeel moet ons steeds in die hande van die Here self laat. Maar hierdie onderrig maak dit ook duidelik watter verantwoordelikheid ons het om te ondersoek of ons die Here werklik ken as Verlosser en of diegene wat saam met ons aanbid Hom so ken. Laat ons nie alleen op grond van woorde en werke mense sommer net aanvaar as uitverkorenes nie. Oor wie uitverkies is hoef ons ons nie te bekommer nie. Dit is die Here se werk om te te weet. Ons kan maar alleen 'n beoordeling maak op grond van mense se woorde en werke. Daarom is dit noodsaaklik dat 'n mens openlik en eerlik met mekaar gesprek voer oor 'n verhouding met Jesus en die gepaardgaande woorde en werke of die gebrek aan enige daarvan.

Matteus 7:24-28

Mat 7:24 Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het.

Mat 7:25 En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots.

Mat 7:26 En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het.

Mat 7:27 En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot.

Mat 7:28 En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, was die skare verslae oor sy leer;

Mat 7:29 want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie.

Vers 24 en 25

Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots.

Hierdie woorde verwys na die onderrig wat Jesus in die Bergpredikasie aan sy dissipels gegee het. Nou is dit opmerklik dat Jesus sy onderrig gelyk stel aan sy Vader se wil (vers 21). Met hierdie gelykstelling sowel as die gedagte dat elkeen voor die Jesus verantwoording gaan doen (vers 23) wys daarop dat Jesus inderdaad nie maar net nog 'n rabbi is nie. Hy is self God, want Hy is die Seun van God. Kyk weer die verhouding wat hy noem tussen Hom en God in vers 21.

Om na die woorde van Jesus te luister, is goed en reg. Ons moet na Hom luister. Maar dit moenie by luister ophou nie. Die hoor van die Here se woorde moet uiteindelik oorgaan in die doen van die Here se woorde. Op hierdie doen van die Here se woord het Jakobus goed uitgebrei in sy brief (Jak 1:26-27; 2:17-26). Die egtheid van 'n mens se geloof word duidelik in die stilsit en luister sowel as in die uitgaan en gehoorsaam.

Jesus self vergelyk so 'n mens met 'n wyse man wat sy huis op rots gebou het. Die man bou sy huis op rots nie omdat hy weet wat in die toekoms gaan gebeur nie, maar juis omdat hy nie weet wat in die toekoms gaan gebeur nie.

Die toekoms het toe reën ingehou, maar nie net reën – dit was waterstrome wat afgekom het. En die toekoms het ook wind ingehou, maar nie net 'n windjie nie – dit het aangestorm teen die huis. Te midde van die waterstrome en aanstormende winde het die huis nie geval nie. Die rede gee die Here self – want die fondament van die huis was op rots.

Om na die Here se woorde te luister en jouself daarin te oefen om dit te doen, is dieselfde as om jou huis op rots te bou. Jy luister en oefen, nie omdat jy weet wat die toekoms inhou nie, maar juis omdat jy nie weet wat die toekoms inhou nie. Ons is egter bevoorreg om uit die mond van die Here self te hoor wat die toekoms vir ons kan inhou. Daar sal groot afval wees van die Here en sy Woord. Daar sal dwaalleraars wees en vervolging van die dissipels van die Here. Maar wie luister en doen wat die Here sê hoef nie te vrees nie, want hy is voorbereid op hierdie storms.

Vers 26 en 27

En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot.

Die vergelyking wat Jesus maak van die man wat die woorde van die Here hoor maar dit nie doen nie, is sprekend. Mense weet dat 'n mens nie 'n huis op sand kan bou en reken dat dit sal bly staan nie. Dit is regtig net iemand wat dom is en nie wil luister nie wat so iets sal doen. Net so absurd as wat dit is om 'n huis op sand te bou, so absurd is dit om die woorde van die Here hoor, maar nie te gehoorsaam nie.

Wanneer 'n mens die twee huise wat gebou is bekyk, is dit net die fondasie wat verskil verskil. Verder lyk die twee huise presies dieselfde. Uiterlik kan 'n mens nie aan mense die wat na die woorde van die Here luister 'n verskil sien nie. Die toets of die huise regtig presies dieselfde is, kom eers by die toets. Albei huise het dieselfde toets

ondergaan – stortreën en stormwinde. Die huis wat op die sand gebou is, kon egter nie die toets deurstaan nie en het inmekaar getuimel.

Die toets of die mense wat die woord gehoor het regtig dieselfde is, kom by die uitvoering van daardie woorde. Die man wat die woorde gehoor het, maar nie praktyk in sy lewe gemaak het, kon nie toe die moeilike tye aanbreek, staande bly nie. Hy het geval. En nou sê Jesus dat sy val groot was. Sy val is groot juis omdat hy geweet het wat die regte ding was om te doen, maar hy kon dit nie doen nie omdat hy nie daarin geoefen was nie. Sy val was ook groot omdat hy in homself spyt en teleurstelling beleef het – het ek maar eerder geluister.

Jesus se woorde is nie maar net 'n blote aanbeveling van 'n beter lewe as wat ander mense kan aanbied nie. Jesus se woorde is die enigste weg tot die lewe. Wie nie daarna luister nie en dit nie uiteindelik doen nie, loop verseker op 'n afgrond af. Jesus se woorde is die enigste woorde wat lewe gee. Die ander woorde wat gehoor word, het net die skyn van lewe.

Vers 28 en 29

En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, was die skare verslae oor sy leer; want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie.

Die skare was verslae oor die leer wat Jesus in die Bergpredikasia verkondig het, want hulle het geweet dat Hy nie onderwys by een van die bekende rabbies in Jerusalem ontvang het nie (Joh 7:15). Die skare was verslae omdat die onderrig wat Jesus gegee het met soveel gesag gegee is. Dit was so totaal anders as waaraan hulle gewoond was om van die skrifgeleerdes te hoor.

Die skrifgeleerdes het op 'n outoritêre wyse onderrig gegee. Hulle het die mense geleer en voorgesê hoe om te maak, maar hulle het self nie volgens die woorde wat hulle gespreek het, gelewe nie. Jesus het egter die mense nie net aangesê om sekere dinge te doen nie, Hy het self ooreenkomstig sy eie woorde gelewe.

Onderliggend aan die woorde in hierdie twee verse kom die vraag tog na vore: Wie is hierdie Man werklik? Uit sy onderrig het Jesus dit baie duidelik gemaak dat daar

tussen Hom en God 'n baie noue verbintenis is. Hy het God sy Vader genoem. Dit is iets wat 'n Jood van daardie tyd beslis nie sommer gedoen het nie. In die laaste deel van hierdie onderrig het dit ook duidelik geword dat Jesus betrokke gaan wees by die laaste oordeel, aangesien daar mense gaan wees wat nie in die koninkryk kan inkom nie en Jesus gaan hulle wegstuur. Hierdie mense gaan Hom selfs as *Here* aanspreek.

Dit word dus duidelik dat Jesus met Goddelike gesag die woorde gespreek het. Goddelike gesag is nie knellend nie, want die skare het nie oor sy onderrig gemurmureer nie. Hulle het eerder tuis gevoel onder die onderrig. Goddelike gesag is inderwaarheid bevrydende gesag.